OVERBERG TEHUIS

'N DIENS VAN BADISA
A SERVICE OF BADISA

De la Vignestraat 40, Riviersonderend, 7250
Tel: 028 261 1230 /-1231
Epos: info@overbergtehuis.co.za




# JAARVERSLAG

## 1 April 2024 TOT 31 Maart 2025

*"Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle" - 1 Petrus 5:7 Afr83*

**OMGEE SONDER END - CARE WITHOUT END**

Badisa

Badisa is 'n gesamentlike program vir deernis (compassion)

Gestig in 2003 met die samesmelting van twee eeue oue afsonderlike Organisasies Sonder Winsoogmerk (OSW); NG Kerk (Wes-en Suid-Kaap) en VGKSA (Kaapland).
VGK in SA (Kaapse Sinode): Diakonale Dienste
DRK (Wes- en Suid-Kaap) CMR

"BADISA" is die samestelling van 3 woorde:
**BA**rmhartigheid, **DI**enste, **SA**am
"BADISA" is ook 'n Tswana woord wat Herder of Versorger beteken.

- Geloof gebaseer met 'n spesifieke waardekonteks
- Geregistreerde nie-winsgewende organisasie - een regspersoon
- Verskaf professionele maatskaplike welsynsdienste op programvlak
- Funksioneer binne 'n regulatoriese omgewing van wetgewing, beleide en statutêre vereistes
- Bestuurspan wat strategiese leierskap en taktiese leiding/ ondersteuning verskaf

## VISIE

OMGEE SONDER END - CARE WITHOUT END
Die bevordering van aktiewe en menswaardige veroudering.

## MISSIE

Geïnspireer deur Christus as voorbeeld is OVERBERG TEHUIS se missie 'n persoon gerigte sorg vir ouer persone. Ons doen dit deur toegewyde, vaardige personeel met hulp van die gemeenskap van Riviersonderend, gesetel in ons mooi plattelandse omgewing. Ouer persone word ondersteun om as deel van die samelewing kwaliteit lewens te lei en om hul menswaardigheid te behou.

## WAARDES

*Toewyding om te dien:* Aan mense in nood, relevant, bekostigbaar, nie-diskriminerend (ras, geslag, godsdienstige affiliasie)
*Geregtigheid:* Regverdigheid; waardigheid; vermy alle vorme van diskriminasie
*Uitnemendheid:* Die allerbeste diens aan die verbruiker/kliënt; kwaliteit; dienste relevant, volhoubaar en effektief is; spanwerk; doeltreffende kommunikasie
*Rentmeesterskap (aanspreeklikheid):* Verantwoordelik; eerlik; persoonlike aanspreeklikheid; integriteit

1. Voorwoord - Voorsitter
2. Beheerraad & Komitees vir die Jaar
3. Inwoners
4. Personeel
5. Bestuurder Verslag
6. Finansiële Verslag
7. Huishoudelike Verslag
8. Verpleging Verslag
9. Aktiwiteite en Bedankings

## 1. VOORWOORD

Dit is altyd ‘n voorreg om te kan terugkyk op ‘n finansiële jaar en te sien hoe die Here se voorsienigheid soos ‘n goue draad loop. Soos elke jaar pak ons die uitdagings aan met positiwiteit en geloof en elke jaar staan ons verwonderd oor hoe die Here voorsien.

Stygende uitgawes bly ‘n groot uitdaging en alhoewel ons so goed moontlik begroot is daar dinge waaroor ons geen beheer het nie en dit is waar geloof, vertroue en goeie bestuur inkom. Ons het die afgelope jaar net weer besef hoe geseënd ons die jaar was.

Baie dankie aan almal wat so hard gewerk het. Ek dink veral aan ons Bestuurder, Mnr André Potgieter en die personeel wat die ekstra myl stap om vir ons inwonwers ‘n tuiste te skep. Ons is dankbaar vir ons gemeenskap wat Overberg Tehuis so goedgesind is en ons voluit ondersteun. Baie dankie ook aan die Beheerraad wat elkeen die beste belang van die Tehuis op die hart dra.

Ons inwoners is vir ons kosbaar en ons voel bevoorreg dat julle Overberg Tehuis as jul tuiste gekies het.

Ons weet nie wat die toekoms inhou nie, maar ons weet in wie se Hand die toekoms is en daarom kan ons uitsien na die jaar wat voorlê.

**Elsabé Eksteen**
Voorsitter Beheerraad

## 2. BEHEERRAAD & KOMITEES

Ons Beheerraad is vrywilligers wat hul tyd, energie en kennis tot beskikking van die Tehuis stel. Hulle neem besluite oor die Bestuur van die Tehuis volgens riglyne wat deur Badisa daargestel word.

### 2.1 BEHEERRAAD LEDE

| | |
|---|---|
| Me. Elsabé Eksteen | - Voorsitter |
| Mnr. Chris Coert | - Onder-Voorsitter |
| Mnr. Christo Groenewald | - Tesourier |
| Me. Esther Eybers | - Lid |
| Me. Landi Viljoen | - Lid |
| Me. Tania Joubert | - Lid |
| Mnr. Theunis Human | - Lid (vanaf 12 Maart 2024) |
| Mnr. Abe Sheldon | - Lid (vanaf 1 Oktober 2024) |
| Ds. Johan Orsmond | - Gekoöpteerde Lid (tot 31 Augustus 2024) |
| Mnr. André Potgieter | - Bestuurder |
| Me. Tamryn Orsmond | - Admin/Boekhouer (tot 31 Augustus 2024) |
| Me. Kinnie Matthysen | - Admin/Boekhouer (vanaf 05 Augustus 2024) |

### 2.2 BEHEERRAAD DAGBESTUUR

| | |
|---|---|
| Me. Elsabé Eksteen | |
| Mnr. Chris Coert | |
| Mnr. Christo Groenewald | |
| Mnr. André Potgieter | |
| Me. Tamryn Orsmond | - Admin/Boekhouer (tot 31 Augustus 2024) |
| Me. Kinnie Matthysen | - Admin/Boekhouer (vanaf 05 Augustus 2024) |

## 2.3 BEHEERRAAD SUB-KOMITEE FINANSIES, GROND & GEBOUE EN VEILIGHEID

Me. Elsabé Eksteen
Mnr. Chris Coert
Mnr. Christo Groenewald
Ds. Johan Orsmond (tot 31 Augustus 2024)
Me. Tania Joubert (tot 21 November 2024)
Mnr. Theunis Human (vanaf 12 Maart 2024)
Mnr Abe Sheldon (vanaf 21 November 2024)
Mnr. André Potgieter
Me. Tamryn Orsmond (tot 31 Augustus 2024)
Me. Kinnie Matthysen (vanaf 05 Augustus 2024)

## 2.4 BEHEERRAAD SUB-KOMITEE VERPLEGING & HUISHOUDELIK

Me. Elsabé Eksteen
Me. Landi Viljoen
Me. Esther Eybers
Me. Tania Joubert
Sr. Ivona Jansen (tot 31 Julie 2024)
Sr. Maritha van der Wal (vanaf 1 Augustus 2024)
Me. Lamees Blom
Mnr. André Potgieter
Me. Tamryn Orsmond (tot 31 Augustus 2024)
Me. Kinnie Matthysen (vanaf 05 Augustus 2024)

## 3. **INWONERS** Getalle soos op 31 Maart 2025

## 3.1 PROFIEL VAN INWONERS IN TEHUIS

| | | |
|---|---|---|
| Totaal | : 37 | |
| Geslag verdeling | : Mans | : 10 |
| | : Vroue | : 27 |
| Rasse verdeling | : Bruin | : 6 |
| | : Swart | : 0 |
| | : Wit | : 31 |
| Ouderdom | : onder 60 jaar | : 3 |
| | : 60—69 jaar | : 3 |
| | : 70—79 jaar | : 10 |
| | : 80—89 jaar | : 11 |
| | : 90+ jaar | : 10 |
| Ekonomies | : 15 | |
| Sub-Ekonomies | : 22 | |
| Graad van Verswaktheid | : Groep 1 | : 2 |
| | : Groep 2 | : 4 |
| | : *Groep 3 | : 31 |

**Groep 3 = mees verswakte*

## 3.2 INWONERS OPGENEEM

Ons het die volgende inwoners gedurende die boekjaar verwelkom:

| | |
|---|---|
| E Baartman | : 21 Oktober2024 |
| H Baas | : 6 Januarie 2025 |
| GJ le Roux | : 24 Maart 2025 |
| JP Cronje | : 26 Maart 2025 |

## 3.3 INWONERS TEHUIS VERLAAT

Geen in die periode nie

## 3.4 INWONERS OORLEDE


Ons kollektiewe harte is swaar van simpatie, aanvaar asseblief ons innige meegevoel met die afsterwe van u geliefde.

| | | |
|---|---|---|
| H Dyers | : | 05 September 2024 |
| JA Carstens | : | 16 September 2024 |
| S Sebonka | : | 01 Oktober 2024 |
| AC van Gesselleen | : | 09 Oktober 2024 |
| M Human | : | 16 Desember 2024 |
| WD Marais | : | 05 Januarie 2025 |
| ME Stipp | : | 15 Februarie 2025 |











## 3.5 INWONERS TYDPERK IN TEHUIS

| Naam | Opname Datum | Jare |
|---|---|---|
| Fransiena Vaaltyn | Augustus 10, 2004 | 20.7 |
| Sharnester Whayed Afrikaner | Oktober 1, 2005 | 19.5 |
| Quintis Albertus van Zyl | Februarie 9, 2006 | 19.2 |
| Anna Judith Gertruida Langenhoven | Junie 1, 2006 | 18.8 |
| William James Fullard | Maart 3, 2008 | 17.1 |
| *Adéle Christina van Gesselleen* | *Februarie 27, 2008* | *16.6* |
| Dorethea Regina Lourens | Oktober 19, 2010 | 14.5 |
| Stephanie Maria de Villiers | Februarie 16, 2011 | 14.1 |
| Davina Petronella Groenewald | Augustus 1, 2012 | 12.7 |
| Mary Margaret Eliza de Wet | Februarie 18, 2013 | 12.1 |
| Maria Johanna Catharina Jacobs | Januarie 3, 2015 | 10.2 |
| Asler Swanepoel | Julie 8, 2015 | 9.7 |
| *Jeanne Agnes Carstens* | *Oktober 25, 2016* | *7.9* |
| William James Bawden | Maart 1, 2018 | 7.1 |
| Jannie Erasmus | Maart 1, 2018 | 7.1 |
| Louisa Juliana Jacobs | Februarie 1, 2020 | 5.2 |
| Susarah Cornelia de Klerk | Augustus 1, 2020 | 4.7 |
| Wessel Adriaan Swart | September 1, 2020 | 4.6 |
| Naomi Conradie | Oktober 2, 2020 | 4.5 |
| Elizabeth van Wyk | Desember 28, 2020 | 4.3 |
| Dialina Human | Januarie 29, 2021 | 4.2 |
| Magel Gertruida van Niekerk | Mei 1, 2021 | 3.9 |
| Albertha Adriana Maunder | Oktober 1, 2021 | 3.5 |
| Moira May Smorenburg | Oktober 1, 2021 | 3.5 |
| *Henry Dyers* | *Oktober 23, 2021* | *2.9* |
| Francina Cecilia Kleynhans | Mei 31, 2022 | 2.8 |
| Petrus Benjamin Jordaan | Junie 14, 2022 | 2.8 |
| Elizabeth Johanna van Zyl | Junie 25, 2022 | 2.8 |
| Elizabeth Susanna Magdalena Beukes | Julie 23, 2022 | 2.7 |
| Stephanus Jacobus van Aswegen | Februarie 1, 2023 | 2.2 |
| Johanna Maria Bestbier | Junie 10, 2023 | 1.8 |
| Magrieta Wilhelmina Goosen | Julie 18, 2023 | 1.7 |
| Hester Kathrina Boshoff | Augustus 01, 2023 | 1.7 |
| *Sophia Sebonka* | *Januarie 27, 2023* | *1.7* |
| Elizabeth Susanna de Kock | Augustus 14, 2023 | 1.6 |
| *Maria Human* | *Junie 06, 2023* | *1.6* |
| Johanna Petronella Beukes | Januarie 26, 2024 | 1.2 |
| *Dr Willem Daniël Marais* | *Desember 01, 2023* | *1.1* |
| Susarah Johanna Lourens | Maart 13, 2024 | 1.0 |

*(Uitgesluit nuwe opnames)*

## 3.6 WOONSTELLE

Die woonstel inwoners is as volg:

| | | |
|---|---|---|
| Woonstel 1 | : Me. CE Burger | (1 Februarie 2019) |
| Woonstel 2 | : Mnr. RP Stipp | (24 September 2022) |
| Woonstel 3 | : Me. SJ Viljoen | (1 Oktober 2020) |
| Woonstel 4 | : Me. EM Strauss | (1 Maart 2024) |
| Woonstel 5 | : Mnr. J Franken | (1 Augustus 2009) |
| Woonstel 6 | : Me. MM du Toit | (1 Junie 2006) |

PROFIEL

| | | |
|---|---|---|
| Totaal in woonstelle | : 6 | |
| Geslag verdeling | : Mans | : 2 |
| | Vroue | : 4 |
| Rasse verdeling | : Wit | : 6 |
| | Bruin | : 0 |

# 4. PERSONEEL

## 4.1 BESTUURSPAN

| | |
|---|---|
| Mnr. A Potgieter | - Bestuurder (1 Maart 2022) |
| Me. T Orsmond | - Admin / Boekhouer (10 Augustus 2023—31 Augustus 2024) |
| Me. E Matthysen | - Admin / Boekhouer (05 Augustus 2024) |
| Me. L Blom | - Voedseldiensmatrone (1 Augustus 2007) |
| Sr. I Jansen | - Suster-in-Bevel (1 September 2021- 31 Julie 2024) |
| Sr. M van der Wal | - Suster-in-Bevel (1 Augustus 2024) |

## 4.2 KOMBUIS & SKOONMAAKDIENS

### KOMBUIS

Me. Caroline la Moer (1 Maart 2003)
Me. Elinda Michaels (1 Februarie 2024)
Me. Lee-Ann van der Heyde (24 Januarie 2019)
Me. Zané Eksteen (Galant) (1 September 2020)

### WASKAMER

Me. Fredeline Albridge (1 Junie 2015)



## SKOONMAKERS

Me. Karin Blom (20 Januarie 2014— 31 Julie 2024)
Me. Zenobia van Zyl (1 November 2021)
Me. Liesel Visser (1 Julie 2020)
Me. Magdalena Mintoor - Aflos (1 April 2023—31 Julie 2024)
Me. Magdalena Mintoor (1 Augustus 2024)
Me. Venérra Cemonia Sebonka—Aflos (20 Augustus 2024)

## TUINIER

Mnr. Jonathan Lewies (1 Junie 2017)
Mnr. Yoganathan Amsterdam—Aflos (8 Augustus 2024—31 Maart 2025)
Mnr. Edward Matoni - Loshand (1 May 2023—30 September 2024)

## 4.3 VERPLEEG AFDELING

Sr. Maritha van der Wal - Suster-in-Bevel (18 Julie 2022)
Sr. Rochelle Snyman—Suster ( Julie 2024— 27 Maart 2025)
Me. Sarina Daniels - Saalhulp (16 November 2016)
Me. Brümilda Tiemie - Saalhulp (30 September 2021)
Me. Renay Ganga - Saalhulp (1 Desember 2019)
Me. Mouseline Harmse - Saalhulp (18 Januarie 2019)
Me. Marizanne Mento - Saalhulp (1 Januarie 2016)
Me. Nadia Opperman - Saalhulp (1 Januarie 2014)
Me. Leoni Philander - Saalhulp (1 Januarie 2018)
Me. Esme Philander - Saalhulp (26 April 2021)
Me. Railene Plaatjies - Saalhulp (1 Augustus 2014)
Me. Jodene Hoffman - Saalhulp (1 September 2021 - 31 Januarie 2024)
Me. Monique Oliver - Saalhulp (22 Junie 2022)
Me. Lizel Davids - Saalhulp (Desember 2021)
Me. Lehandré Spandeel- Saalhulp (18 Desember 2023)
Me. Madre Philander -Saalhulp Aflos (9 September 2023—30 September 2024)
Me. Leandré Bokwana- Saalhulp Aflos (30 Januarie 2024)
Me Celene Smit—Saalhulp Aflos (1 Julie 2024—30 September 2024)
Me. Jodene Hoffman - Saalhulp Aflos (20 Julie 2024)



Admin/Boekhouer en Voedseldiensmatrone - Sekretaressedag
4 September 2024

## 5. <u>BESTUURDER VERSLAG</u>

Ons het ‘n jaar beleef wat ons net kan beskryf as ongelooflike guns, waarin ons in alle opsigte die hand van die Here kon sien en Sy Grootheid beleef, al die eer kom Hom toe.

Soos Dawid in Psalm sê; *“Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen. Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil.” ,* het ons Inwoners ook rus en verkwiking kom vind hier by ons. ‘n Tyd waar hulle sorgeloos net kan leef sonder bekommernisse.

Dit is so voorreg om elkeen se lief en leed te kan beleef en ervaar hoe elkeen net opnuut hulle waarde besef en ‘n bydrae maak om weer nuwe vrienskappe te maak en vir mekaar om te gee. Een van die lekkerste dinge as bestuurder is wanneer jy uitkyk by jou kantoor venster en sien hoe jou Inwoners met mekaar en hulle families kuier, lag en gesels en ook die plante en tuin waardeer en die mooi van die lewe raaksien. Dit is die klein dingetjies wat saak maak en ‘n verskil teweeg bring.

Ons Personeel is in soveel gesprekke met familie as “Engele” beskryf, omgee mense wat ons Inwoners se belange op die hart dra. Mens besef nie aldag die opofferings wat gemaak word om lief te word vir mense en jou eie menswees op sy te skuif en vir ander daar te wees nie en dit is tog wat elke dag gebeur. Groot waardering vir ons span en dat hulle op so unieke en besonderse wyse ‘n impak maak.

Die verlies van ‘n geliefde, in die jaar sewe geliefdes, is nie altyd maklik nie, ons harte is swaar en ons gun ons Inwoners die rus en wens die Families en Personeel sterkte toe en berusting dat ons het vir hulle gedoen wat ons kon.

Hierdie jaar het ons met behulp van ons Beheerraad, Gemeenskap en Donateurs in 50 Inwoners (Tehuis & Woonstelle) se lewens ‘n verskil gemaak.

Mag die Here ons genadig wees, ons toerus en voorsien in die groot taak wat ons het.

**André Potgieter**
Bestuurder

## 6. FINANSIELE VERSLAG

Vir die ekonomiese volhoubaarheid van Overberg Tehuis, ‘n organisasie sonder winsoogmerk, speel donasies, fondswerwing en subsidie vanaf die Departement Maatskaplike Dienste (Staat) ‘n baie belangrike rol. Fondswerwing het R 458,481 ingesamel en ons het R 531,626 met donasies/skenkings ontvang.

### 6.1 INKOMSTE

Daar was ‘n 8.58% groei op die losies inkomste aangesien ons vol was vir die grootste gedeelte van die finansiële jaar. Ons het ‘n verhoging op ons staatsubsidie gehad van 7% in vergeleke met verlede jaar.

Ons het ook ‘n erflating ontvang van R 330,494 gedurende die boekjaar.

In totaal is ons inkomste op met 13%.

### 6.2 UITGAWES

Personeel uitgawes is steeds die grootste persentasie (57.44%) uitgawe van Overberg Tehuis.

Naas die salarisse is die huishoudelike uitgawes en die grond en geboue die twee grootste ander uitgawes. Grond en geboue het toegeneem met 40.97% weens instandhouding wat gedoen moes word. Die huishoudelike uitgawes het met 4.62% toegeneem waar die kruideniers (0.25%), mediese uitgawes het met 248.62% toegeneem. Doeke het ook opgegaan met 76.22% weens geen lewering vanaf die Staat, so ook medikasie wat nou aangekoop moes word omdat die Staat nie dit voorsien nie.


In totaal is ons uitgawes op met 12.02%.

Ons is dankbaar vir die finansiële syfers ten spyte van groot uitdagings en alle eer aan ons Hemelse Vader dat hy steeds bly voorsien en dat ons met ‘n surplus van R 435,594 kon eindig.


Die finansiële state vir die boekjaar 2024/2025 is ter insae beskikbaar by die admin-kantoor en kan ook op aanvraag aan u per epos gestuur word.

**Elizabeth Matthysen**
Admin / Boekhouer

2024/2025 Finansiële jaar: Inkomste




2024/2025 Finansiële jaar: Uitgawes






*Ouditeure besig met die oudit 4 Julie 2024.*

*Theron du Plessis Durbanville Inc.*
*Charted Accountants (SA)*
*Reg No 1999/017031/21.*
*Practice number 963763.*
*Bueno Vista Office Park, cnr Durban and Kendal Roads, Durbanville, 7550*
*P.O.Box 3737, Tygervalley, 7536*

*Tel: +27 (0)21 975-3737 / 087 378 1263*
*info@tdpca.co.za*
*Www.tdpca.co.za*

## INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2025

| | Aant | 2025 R | 2024 R |
|---|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | | |
| LOSIESGELDE | | 3,696,717 | 3,379,409 |
| Tehuis | | 2,942,944 | 2,606,598 |
| Woonstelle | | 753,773 | 766,103 |
| Motorhuis | | - | 6,708 |
| DONASIES EN BEMAKINGS | | 531,626 | 329,479 |
| Individue | | 99,734 | 175,668 |
| Erflatings | | 330,494 | 1,000 |
| Goedere in natura | | 101,398 | 152,811 |
| KORTING | | 9,167 | - |
| DIVERSE INKOMSTE | | 48,599 | 41,269 |
| BTW ONTVANG | | 5,556 | - |
| VERHALING VAN UITGAWES | | 36,300 | 32,955 |
| FONDSINSAMELING | | 458,481 | 361,096 |
| TOENAME / (AFNAME) IN MARKWAARDE VAN AANDELE | | 97,113 | 113,913 |
| RENTE ONTVANG | | 99,000 | 76,557 |
| TOEKENNINGS ONTVANG | | - | 15,390 |
| VERKOOP VAN PRODUKTE : BRUTO WINS | | 159,851 | 141,759 |
| VERSEKERINGSEISE ONTVANG | | 48,003 | 48,635 |
| **SUBTOTAAL** | | 5,190,413 | 4,540,462 |
| Staatsubsidies | 8 | 971,982 | 908,394 |
| **BEDRYFSINKOMSTES TOTAAL** | | 6,162,395 | 5,448,856 |
| **UITGAWES** | | | |
| SALARISSE | | 3,257,659 | 3,093,910 |
| Administratief | | 148,121 | 148,232 |
| Huishoudelik | | 1,251,628 | 1,167,962 |
| Professioneel | | 1,340,148 | 1,298,338 |
| Bonusse | | 171,699 | 160,321 |
| Mediesefondsbydraes | | 38,835 | 44,701 |
| Pensioenfondsbydraes | | 237,543 | 235,081 |
| Werkloosheidsversekeringsfonds | | 27,552 | 25,769 |
| Vergoedingskommissaris | | 8,867 | 3,587 |
| Verlofgelde | | 33,871 | 20,150 |
| Toename/(Afname) in verlofvoorsiening | | 7,864 | (12,681) |
| Personeelontwikkeling | | 31 | 3,250 |
| Personeelwerwing | | - | 4,785 |
| ETI | | (8,500) | (5,585) |
| Subtotaal oorgedra | | 3,257,659 | 3,093,910 |

**INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2025 (vervolg)**

| | Aant | 2025 R | 2024 R |
|---|---|---|---|
| Subtotaal oorgebring | | 3,257,659 | 3,093,910 |
| VERVOERUITGAWES | | 41,756 | 45,124 |
| Brandstof | | 19,210 | 21,774 |
| Onderhoud voertuie | | - | 656 |
| Reis- en verblyfkoste | | - | 851 |
| Versekering en lisensies | | 22,546 | 21,843 |
| KANTOORUITGAWES | | 320,624 | 256,528 |
| Huur betaal | | 10,076 | 12,824 |
| Boeke en tydskrifte | | 4,299 | 3,277 |
| Drukwerk en skryfbehoeftes | | 24,768 | 14,395 |
| Heffings, registrasie en affilliasie | | 32,858 | 27,878 |
| Huur van toerusting | | 76,407 | 75,168 |
| Onderhoud kantoortoerusting | | - | 494 |
| Telefoon en posgeld | | 66,976 | 52,375 |
| Versekering | | 12,237 | 10,531 |
| Vervangings | | 23,366 | 1,097 |
| Rekenaaruitgawes | | 18,023 | 14,332 |
| Kleingereedskap | | 12,749 | 8,320 |
| Ander kantooruitgawes | | 38,865 | 35,837 |
| GROND EN GEBOUE | | 1,002,964 | 711,484 |
| Instandhouding | | 411,385 | 164,731 |
| Munisipale dienste en ander uitgawes | | | |
| - Elektrisiteit en gas | | 456,706 | 401,137 |
| - Water en sanitasie | | 78,668 | 90,485 |
| - Vullisverwydering | | 9,743 | 9,084 |
| Versekering | | 46,462 | 46,047 |
| HUISHOUDELIKE UITGAWES | | 884,703 | 845,600 |
| Was en skoonmaak | | 51,016 | 57,958 |
| Kruideniersware | | 544,876 | 543,540 |
| Linne | | 113,337 | 134,697 |
| Klerasie | | 38,924 | 41,836 |
| Medies | | 42,382 | 12,157 |
| Onderwys, uitstappies en ontspanning | | 8,816 | 7,133 |
| Onderhoud | | 16,673 | 24,633 |
| Vervangings | | 41,252 | 4,043 |
| Doeke aankope | | 18,494 | 10,495 |
| Inwonersfonds spandering | | 8,933 | 9,108 |
| Subtotaal oorgedra | | 5,507,706 | 4,952,646 |

INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2025 (vervolg)

| | Aant | 2025 R | 2024 R |
|---|---|---|---|
| Subtotaal oorgebring | | 5,507,706 | 4,952,646 |
| SPESIALE DIENSTE | | 164,038 | 110,288 |
| Bankkoste | | 19,708 | 15,754 |
| Fondsinsameling | | 60,592 | 62,396 |
| Konsultasie en professionele fooie | | 54,772 | 5,375 |
| Openbare skakeling en bemarking | | 9,753 | - |
| Ouditfooi | | 18,210 | 15,950 |
| Rente betaal | | 3 | 5,359 |
| Verlies met verkoop van bates | | - | 5,454 |
| Ander spesiale dienste | | 1,000 | - |
| UITGAWES VOOR WAARDEVERMINDERING | | 5,671,744 | 5,062,934 |
| WAARDEVERMINDERING | | 83,011 | 93,936 |
| Meubels en toerusting | | 13,164 | 14,495 |
| Rekenaartoerusting | | 2,913 | - |
| Motorvoertuie | | 47,185 | 57,294 |
| Energieverwante toerusting | | 19,749 | 22,147 |
| **BEDRYFSUITGAWES TOTAAL** | | 5,754,755 | 5,156,870 |
| **NETTO SURPLUS / (TEKORT) VIR DIE JAAR** | | | |
| BEDRYFSURPLUS / (TEKORT) VIR DIE JAAR | | 407,640 | 291,986 |
| KAPITALE BESTEDING | | (49,987) | (4,930) |
| **BEDRYFSURPLUS / (TEKORT) NA KAPITALE BESTEDING** | | 357,653 | 287,056 |
| BEWEGINGS IN SPESIALE RESERWEFONDSE | | | |
| Verhalings uit: | | 241,922 | 854,893 |
| - Motorvervangingsfonds | | 239,786 | 854,893 |
| Bydraes tot: | | - | (779,527) |
| - Motorvervangingsfonds | | - | (777,527) |
| - JJ Groenewaldsfonds | | - | (2,000) |
| Ander bewegings: | | (163,981) | (190,470) |
| - Oordrag van (toename) / afname in beleggings | | (97,113) | (113,913) |
| - Oordragte van rente op spesiale reserwefondse | | (66,868) | (76,557) |
| **NETTO SURPLUS / (TEKORT) VIR DIE JAAR** | | 435,594 | 171,952 |

## 6.3 FONDSWERWING

Ons sê baie dankie aan elkeen wat 'n bydrae gemaak het om die fondsinsamelings moontlik te maak.

26/04/2024 – Jaffels
23/04/2024 – Kerrie & Rys (Rietpoel) x 20
23/04/2024 – Cocktail Vetkoekies x 200
24/05/2024 – Sop & Vetkoek
18/07/2024 - GraanSA Funksie (x55 )
25/07/2024 - Rietpoel Funksie (x3 Platters)
08/08/2024 - Sop & Vetkoek (x 96 x 16 )
17/08/2024 – Vetkoek – Hoërskool RSE (x 28)
18/08/2024 – Sop – Hoërskool RSE (x 70)
20/08/2024 – Brode (x5 Wit x5 Bruin)
23/08/2024 – Pannekoek (x516 ) Vetkoek (x80)
06/09/2024 - Worsrolletjies
02/10/2024 – Overberg Funksie (Rietpoel x 100)
05/10/2024 – Skietdag
13/11/2024 - Vetkoek
27/11/2024 – Vetkoek
29/11/2024 – Witolifante en Worsrolletjies
07/12/2024 – Gholfdag
29/01/2025 - GraanSA - AJV Streek 27 (Overberg) (+/-80)
13/02/2025 – Gevriesde Etes (Lasagne & Hoender Pastei)
20/02/2025 – Boerevereniging (Gholfklub) +/-60
04/03/2025 – Wessel Funksie

'n Spesiale woord van dank aan Lamees Blom, Voedseldiensmatrone vir haar onbaatsugtige bydrae tot die sukses van elke funksie en haar span wat haar ondersteun. Sy is voorwaar 'n raakvatter en aanwins vir Overberg Tehuis.

Jaffels 26 April 2024 , Pannekoek 23 Augustus 2024 & Witolifante 29 November 2025





Gholfdag,  7 Desember 2024




Adri Beyers
André Botes
André Wessels
Annelie Swart
Anton Conradie Vervoer
aQuellé
AVBOB Caledon
Bennie Smal Ceramics
Bernard Groenewald
Bester Feed & Grain
Billy en Letitia Theron
Blydskap
Boetie Beukes
Boetie Fourie
Bredasdorp Slagpale
Breedevallei Truck Centre
Caledon Casino
Carica Cashstore
Caricas Superette
Dasberg Boerdery
DC Fourie (InteliGro )
Dorwald Boerdery
Dr Phillip en Hanna du Preez
Dr Willem Marais
Elim Slaghuis Bredasdorp
Elsa Eksteen
Elsabé Eksteen
Fireproof Training Academy
Fortecare
Francois Viljoen
Frederick Eksteen
Gerhard J Solms (Die Ysters)
Golden Yolk Eggs / Success Ventures
Helma Potgieter
Henriette Swart
Hoeks Toyota
Ice Box Cold Store & Transport
JD Implemente (John Deere)
Joubert van Vuuren
Karien Visagie Attorneys Notaries Conveyancers
Kingwill Cheese
Klapmutskop Boerdery
Kleinberg Hardeware
KON/FOKUS OVK Lewendehawe
Kuyler Bakwerke
Kynoch / JD Agri Produkte BK
Laeveld Agrochem
Mari's Fudge
Miltons Matsemela Conveyancers
Mooiuitsig Wynkelders
Nico Human
Nieuwoudt Spray
Nova Civils
OTEK
Oumeul Riviersonderend
Overberg Aerial / WP Oesbespuiting
Overberg Agri
Overberg Wealth and Risk Management
OVK Vesel/Wol
Piet Blom BK
Pioneer Printers
ProVérte
PSG
Raka Wine
Red Cliffs Trading 39cc (Caricas)
Schalk Viljoen
Seeff Country Riviersonderend
Shakespeare Boerdery
SOIL
Sonderend Grondwerke
SSK
Stipp Apteek
Strandveld Vineyards
Thornlands
Toshiba
Tyler Lecher
Villette RSE (EDMS) BPK
Virbac
Vision Electrical
Voetspore Gastehuis, Yzerfontein
Willie Bester (Viking)
Worcester Kommunikasie
WP Fresh



Overberg Tehuis Jaarlikse Gholfdag 2024 se wenners was die span van Vision Electrical, wel gedaan!

Ons wil net vir al ons Borge wat die dag moontlik gemaak het baie dankie sê, sonder julle sou dit nie moontlik gewees het nie.

## 7. HUISHOUDELIKE VERSLAG

Baie dankie aan al die kombuis personeel en aflosse wat altyd hul ekstra gee vir die Tehuis. Dankie ook dat julle bo en behalwe jul daaglikse werk, altyd bereid is om te help met fondswerwingsprojekte. Dankie vir die omgee vir die Inwoners en om altyd bereid te wees om die Verpleegpersoneel te help met die Inwoners en met uitstappies.

'n Groot dank namens ons almal aan die gemeenskap wat altyd so vrygewlik en gewillig is om bydraes vir die kombuis te lewer. Dit sluit in alle skenkings— daarsonder sal ons bitter moeilik voortbestaan.

Die afgelope boekjaar is 'n totaal van 44,150 etes soos volg voorsien:

| | |
|---|---|
| ONTBYT | 14,417 |
| MIDDAGETE | 15,455 |
| AANDETE | 13,982 |
| BUITE PERSONE | 296 |

'n Spesiale dankie aan al my personeel vir julle getrouheid en met positiewe gesindheid waarmee hul elke dag kom werk.

**Lamees Blom**
Voedseldiensmatrone



Van ons Inwoners en hul familie kuier heerlik onder die boom wat nou in blom is. 29 Januarie 2025

## 8. VERPLEGING VERSLAG

Hierdie jaar was wrintiewaar 'n jaar van kom en gaan.

By die verpleegspan het ons afskeid geneem van Suster Ivona Jansen, in haar plek het Suster Rochelle Snyman by ons aangesluit. Ongelukkig het Suster Rochelle ook weer vertrek, en ons moes wag om te sien wie die Here na ons toe gaan stuur. (Meer daaroor in die volgende verslag!)

Dieselfde het onder die versorgerspan gebeur: Inwoners het gekom en gegaan, en ons harte was dikwels seer. Ons het saam gelag, hard gewerk en saam gehuil. Sommige van ons inwoners het verswak en meer sorg benodig. Tog het ons telkens met dankbaarheid besef: God se genade is elke dag genoeg – genade onbeskryflik groot.

As span wil ons opreg dankie sê aan Lamees en haar personeel. Ons kan nie ons werk doen sonder 'n skoon Tehuis, vars linne en klere, en goeie kos nie. Julle bydrae is werklik onmisbaar.

'n Groot dankie ook aan Mnr. Potgieter en Kinnie vir julle geduld met ons. Ons "klomp vroumense" kan soms 'n handvol wees! Julle organisasievermoë en harde werk met fondsinsamelings word regtig waardeer.

Die tuiniers wil ons ook nie vergeet nie – dankie dat julle ons altyd optel en bemoedig wanneer ons moeg en oorweldig is.

Ons is ook dankbaar vir al die vrywilligers wat deur die jaar by ons ingeskakel het. Al het sommige gekom en gegaan, was hulle vir ons en ons inwoners 'n groot bron van vreugde.

Die nuwe vloere, netjiese gange en die vars verf buite het ons almal opgewonde gemaak. Dit bring nuwe hoop en vars energie vir die pad vorentoe.

Ten laaste, maar beslis nie die minste nie: baie dankie aan elkeen van die versorgers wat met liefde, deernis en oneindige energie elke inwoner versorg het.

**Maritha van der Wal**
Professionele Verpleegkundige (Suster in bevel)

**Tehuis Getalle** (soos op 31 Maart 2025)

| | | |
|---|---|---|
| Bedlêend | Totaal<br>Semi<br>Op en rond | 2<br>17<br>24 |
| Beweging | Onafhanklik<br>Met hulp<br>Rolstoel | 11<br>16<br>14 |
| Voeding | Onafhanklik<br>Met Hulp<br>Afhanklik | 30<br>5<br>8 |
| Stort: / Volwas | Onafhanklik<br>Afhanklik<br>Met hulp | 7<br>29<br>7 |
| Aantrek | Onafhanklik<br>Met Hulp<br>Afhanklik | 7<br>29<br>7 |
| Inkontinent | Doeke<br>Pads | 18<br>8 |

Suprapubiese Kateter sorg 1
Peritoniale Dialise sorg 1

Sterfgevalle : 7 Inwoners van die Tehuis
Toelatings : 4


**Woonstel Getalle**
Selfsorg : 6


Rede vir neem van Medikasie en Diagnose(s)

Nierversaking, Anemies, Osteo en Rumatoid Arthritis, Diabetes mellites, Depressie, Epilepsie, Hartsiektes, Hipertensie, Serebrale Palsy, Demensie, Kroniese Pyn, Borskanker, Beroerte, Gloukoom, Kroniese Hardlywigheid, Ekseem, Parkinsons se siekte, Hipertirolisme, Kroniese Pankreatitis

## NALATINGSKAP



Van Gesselleen Trust (Tannie Rita & Adéle), baie dankie vir die nalatenskap wat dit vir ons moontlik gemaak het om ons vloere oor te doen. Dit is net ongelooflik wat se GROOT verskil dit maak. Coastline Flooring, Hermanus se span het 'n goeie werk gedoen. 14 Maart 2025






B-Gang

C-Gang



D&E-Gang

Eetkamer

## 9. AKTIWITEITE EN BEDANKINGS

### 9.1 AKTIWITEITE

Deurlopende musiek aan inwoners
Voet spa en hande masseer
Speel van Bingo
Biduur
Fliek middag
Biblioteek
Kuiers
Stap (Dorp)
Uitstappies

### 9.2 BEDANKINGS

Ons wil nie uitsonderings maak nie, maar vergun ons die geleentheid om die volgende persone en/of instansies te bedank vir hulle bydrae

Overberg Tehuis Beheerraad
NG Kerk Riviersonderend
Badisa Bestuursprogram
Departement Maatskaplike Dienste
Drs. Philippe & Hannah du Preez
Stipp Apteek (Me. C. Dicks (Apteker) & Amelia)
Riviersonderend Kliniek
Alexanderskloof Skiet Klub
Verskeie Donateurs vir u ruim skenkings
Vrywilligers vir u tyd en betrokkenheid
Gemeenskap van Riviersonderend en Overberg omgewing

## OPLEIDING

Van ons Personeel het opleiding ontvang vir Gesondheid- en veiligheidsverteenwoordigers Dinsdag 11 Junie 2024 09:00-15:00 en Brandbestryder- en brandbewaardersopleiding Woensdag 12 Junie 2024 9:00-15:00 aangebied deur Fireproof Training Academy, Daniël Wilds H.Dip. Fire Tech (SAESI)






## STAP

Van ons Inwoners het 'n heerlike middag stappie meegemaak. 12 November 2024




## SKENKINGS

Mandaryn (Suiderland Plase) baie, baie dankie vir die skenking nartjies. 26 April 2024



The Deputy Director: Energy informed us that our facility was chosen as part of the Premier's emergency loadshedding relief programme to receive loadshedding lights for our Residents/Beneficiaries in the Department of Social Development (DSD) facilities. On behalf of our Residents and Management Team we would like to thank them for the units received. 17 May 2024







Thank you Ian & Diane Bell for the Watsonia bulbs. 28 Februarie 2025



# SKENKINGS

Baie dankie aan Dasberg (Schalk-Willem) vir die skenking van nartjies. 5 Julie 2024



Baie dankie Me Helena Griesel (Oom Hannes Franken) vir die skenking van die mussies vir al ons Perso-neel, word opreg waardeer. 10 Julie 2024



Western Cape Cummunity Chest het vir ons mondspoel, lugbraaier, stofsuier, urn, elektroniese kluise en maskers geskenk. Ons kon nou al vele mense seën met die mondspoel. 9 Desember 2024



# SKENKINGS

Baie dankie aan Manderyn (André Ontong) vir die skenking van nartjies! 26 Julie 2024



We want to thank The Padloper Coffee Shop in Riviersonderend for their initiative and making Badisa part of it and especially for allowing us to be part of it. 2 August 2024








## SKENKINGS

Oom Evert Neethling  en Rita Lagrange kom bederf ons met orgideë, ons Inwoners is so bevoorreg.
20 September 2024





Baie dankie NG Kerk Riviersonderend vir die bederf pakkies vir ons Inwoners. Dankie aan ons ouderling Esther Eybers vir die uitdeel daarvan. 25 November 2024



Dankie Stefan Landman vir die beskuit donasie, ons Inwoners het dit geniet!  13 Desember 2024



# SKENKINGS

Dit is fantasties om in 'n gemeenskap te bly en werk waar mense nog omgee. Dankie aan elkeen se bydrae (Flowbins, Grond, Stooi, ens.) om ons Groentetuin Projek op die been te bring. Ons sien uit daarna om die vrug van ons arbeid te pluk/oes. Baie dankie aan AgricultSURE (Laeveld Agrochem) vir die borg van die saad en aan Keletso (Johan Marx) vir die opleiding van ons Tuin Manne. 13 Maart 2025



















## MOEDERSDAG

Ons het vir Moedersdag weer die VGK se Sondagskool kinders gehad wat kom help het om die Kolwyntjies/Cup Cakes uit te deel vir ons Inwoners en hulle te bederf met drukkies. Dankie Lamees Blom 12 Mei 2024







## VADERSDAG

Vadersdag, was weereens besonders deurdat die VGK se kinders vir ons Tehuis se Inwoners (Manne) kom bederf het met drukkies. Dankie Lamees Blom vir die reëlings. Ons het sommer toe almal bederf met 'n drukkie, die Dames ook. 16 Junie 2024












# BEDERF

Van ons inwoners word bederf met 'n pedi en manikuur. 9 April 2024





Van ons inwoners word bederf met 'n pedikuur en manikuur. 11 April 2024





Ons Inwoners geniet vanmiddag Afrikaans is GROOT 2015 se konsert. 26 Julie 2024



## BINGO

BINGO! En so geniet van ons Inwoners 'n heerlike middag van Bingo en bederf. Dankie Esther Eybers en Riana Grove vir die pryse en Lamees Blom vir die lekker bederf, vetkoekies. 6 Junie 2024







# KUIER

Ongegund, Evert Neethling se oggend tee en stap in die tuin is elke jaar 'n hoogtepunt vir ons Inwoners. Baie dankie vir die groot bederf met al die eetgoed Isabel Terblanche. 30 Oktober 2024



# LENTE, TOTSIENS & WELKOM

*Ons vier die aanbreek van 'n nuwe seisoen, Lente met 'n heerlike ete saam met ons Inwoners en Personeel. Ons groet ook vir Tamryn Orsmond (Admin/Boekhouer) en verwelkom Kinnie Matthysen (Administratiewe Beampte) so dit is voorwaar 'n nuwe seisoen van groei by Overberg Tehuis. Dankie Lamees Blom en span, julle kan. 30 Augustus 2024*











# UITSTAPPIES

Heerlike uitstappie na Steers vir draai roomys, met uitstekende diens van die Steers Personeel vir van ons Inwoners.  14  & 15 Mei 2024







Rûens Kollege se jaarlikse Lentedag vieringe was 'n groot bederf vir ons Inwoners, baie dankie nogmaals vir die uitnoding en deel maak daarvan.  2 September 2024




Baie dankie Esther Swart- Eybers vir die bederf vir ons drie Inwoners. Roomys by Steers. 16 Januarie 2025



# AKTIWITEITE

Vanoggend se aktiwiteit was "Dress-up" en van ons Inwoners was heel spoggerig aangetrek. Almal het pret gehad en lekker gelag en saam gekuier. 30 Augustus 2024







Ons het die afgelope tyd elke oggend aktiwiteite aangebied vir ons Inwoners waar hulle bietjie uiting aan hulle kreatiwiteit kon gee op so baie maniere. Baie dankie aan Lizaan Horn (Vrywilliger) wat vir ons so mooi help.





# BIDURE

Vanaf 25 September 2024 hou Ds. Anthonie Welman elke Woensdag Middag biduur vir ons Inwoners.



















# BEDERF

Ons Inwoners word getrakteer deur Caledon AVBOB, met Crown Create Studio wat optree. Heerlike oggend van vermaak. Dankie vir die positiewe boodskap van LEWE.  18 September 2024










# KERSFEES

Ons wil vir elkeen in die gemeenskap wat bygedra het om vir ons Inwoners 'n bederf pakkie vir Kersfees te gee, baie dankie sê. Dankie aan die NG Kerk Riviersonderend wat dit gefasiliteer en georganiseer het.




11 Desember 2024

Dit is Feesseisoen en ons Inwoners en Personeel en Beheerraad het vandag almal saam Kersete gehou, wat 'n voorreg om so geseënd te kan wees! Dankie aan elkeen se bydrae om dit moontlik te maak en almal se harde werk; Lamees Blom jy weet net hoe om voor en raak te vat.














Die Huiskomitee het ook die Personeel bederf met ‘n geskenkie


# VALENTYNSDAG

So word ons Inwoners getrakteer op 'n heerlike ontbyt met Red Valvet Cupcakes vir middag tee op Valentynsdag onder leiding van Lamees Blom en haar span. 14 Februarie 2024























# VALENTYNS DANS

Ons Inwoners sluit af met 'n Valentynsdag dans. Dankie Jaco Horn en Lizaan Horn vir die aangename aand en lekker musiek. Fransiena Vaaltyn het die lekkerste gedans, rolstoel en al. 14 Februarie 2024







# BIBLIOTEEK

Baie dankie aan die plaaslike biblioteek (Chandré Stewart) vir die gereelde diens wat julle lewer aan ons Inwoners hier by die Tehuis. 12 April 2024





Wêreld Boekedag 2024 - Baie dankie aan die Riviersonderend Biblioteek (Phozisa Rasimeni) vir die boeke skenking. Ons Inwoners geniet al die verskeie boeke wat ons kan bied weens skenkings.  23 April 2024








# STAP

Vanoggend weer bietjie gaan stap met van ons Inwoners. 27 Maart 2025



# TUINVULLIS

Baie dankie Oom Heinrich Eybers en Tannie Esther Swart- Eybers vir die hulp met wegry van ons tuinvullis. 23 April 2024



Baie dankie aan Oom Heinrich Eybers en Tannie Esther Swart- Eybers met die hulp om nog tuinvullis weg te ry. Dankie Edward Mtoni en Neelsie wat ook gehelp het met die op en aflaai. 2 Mei 2024



Ons wil net vir Kleinberg Hardeware (Hans-Jurie Human) baie dankie sê vir die groot hulp met die wegry van ons tuinvullis sakke en takke, dit word opreg waardeer. 25 Julie 2024




Baie dankie aan Kleinberg Hardeware Riviersonderend vir die hulp met die wegry van ons tuinvullis. 7 Oktober 2024




Baie dankie aan Mnr Heinrich Eybers en Esther Eybers vir die wegry van ons tuinvullis. 6 Februarie 2025




OVERBERG TEHUIS

'N DIENS VAN BADISA
A SERVICE OF BADISA

Ons het afskeid geneem van Suster Ivona Jansen na +/- 2 jaar en 9 maande wat 'n ander pos aanvaar het en ook van Me Karin Blom wat na +/-10 jaar 6 maande afgetree het. Ons wens hulle alles van die beste toe. 31 Julie 2024





Geregistreerde organisasie sonder winsoogmerk (OSW 011-891)
Publieke Weldaadsorganisasie (930006348)
ABSA Bank, Tjekrekening, Takkode: 632 005, Rek no: 404 968 3510
BTW no: 4350 115 202

## www.overbergtehuis.co.za

DIENS VAN
ERVICE OF
Badisa